## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com

**ACIM: Stad 20 Maart 19h30**
**Kolping 23 Maart 19h30**
**— GvdB 20/27 Mei 2017 —**

**BOEKGROEP**
**Maandag 3 April 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail__________________________ Sel_________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum
## 19 Maart 2017
## CHRISTENSKAP
## OM GETUIES TE WEES

## STILTE IN DIE KAPEL
### ~ ONCE UPON A TIME — ENNIO MORRICONE ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is,
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.
Geseënd is die sagmoediges,
want hulle sal die nuwe aarde ontvang.
Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is,
want hulle sal versadig word.
Geseënd is dié wat barmhartig is,
want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
Geseënd is die vredemakers,
want hulle sal kinders van God genoem word.
Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is,
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

**— Matteus 5:3-10 —**

## STILTE VAN BINNE

# Die betekenis van die woord: 'GETUIENIS'

*"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle **sal** my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."* — ***Handelinge 1:8***

## Meaning of the word witness: discipline, devotion, dedication

- **WIE moet getuig?**
- **WAAROM moet ons getuig?**
- **WAARVAN moet ons getuig?**
- **HOE moet ons getuig?**
- **WAAR moet ons getuig?**

## Love, Acceptance, Respect, Dignity, and Blessing

*'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'* — ***Matteus 25:34-40***

## 'Beeld van God' in die WÊRELD VAN GOD

A. Be the AWARENESS of the presence of God
B. Become the HOPE of humanity
C. Bestow the LOVE that flows gracefully



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



### ~ LOVE ME TENDER — ELVIS PRESLEY ~

ek glo in die skeppende God
van die wordende heelal
wie se naam te heilig was
om uit te spreek: Jahwe,
die God van Israel,
wat 'n Vader geword het
vir Jesus van Nasaret,
die wonderskone boodskapper
van die onmoontlike liefde,
deur wie God my vader
maar ook my moeder is.
ek glo in die Heilige Gees
wat mense in alle tye inspireer
tot werke wat die stempel dra van die ewige.
ek glo dat omdat ek lewe
ek aan alle lewendes
sorg en deernis verskuldig is
en ek glo dat as ek sterf
ek opgeneem sal word
in die durende siklus
van vernuwing en verval
en dat die lewe triomfeer
in elke geboortekreet
omdat die lewe magtiger is
as die dood.

— *Geloofsbelydenis van 'n Afvallige: Lina Spies* —

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

### ~ FRAGILE — STING, YO-YO MA, CHRIS BOTTI ~